**Dinsdag 3 Januarie**
**Skrifgedeelte: Romeine 10:5-17**
**Fokusgedeelte: Romeine 10:14**
**Roeping deur prediking**

Die regverdige sal deur die geloof lewe. Hierdie Skrifwoord van Paulus aan die Romeine het al soveel troos en sekerheid aan gelowiges oor die wêreld heen gegee. Ons moet egter vir onsself vra waar hierdie geloof vandaan kom om die heerlike gevolg hiervan raak te sien.

In Romeine 10 skryf Paulus aan die gemeente in Rome dat die Jode en die heidene op dieselfde wyse verlore is en op dieselfde wyse gered word. Daar is geen onderskeid tussen Jood en Griek nie. Die slotsom is eenvoudig. Met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding (Rom. 10:10). En elkeen wat uit ’n ware geloof die Naam van die Here aanroep, sal gered word.

Nou volg daar ’n logiese orde waarvolgens hierdie geloof gewerk word. Paulus verwoord dit met ’n gedagteketting om die noodsaaklikheid daarvan te beklemtoon. Niemand kan die Here aanroep as hulle nie in Hom glo nie. Niemand kan in Hom glo as hulle nie van Hom gehoor het nie, en niemand kan van Hom hoor as daar nie iemand is wat sy evangelie gepreek het nie. Niemand sal die evangelie kan preek as hy nie gestuur word nie.

Deur die ware en Skrifgetroue prediking van die evangelie hoor die uitverkore kinders die heerlike boodskap van verlossing. Deur die groei in kennis en geloof word ons gedwing om op God te vertrou wanneer ons Hom aanroep om sy genade. Deur die geloof kan ons weet dat Hy ons sal hoor en die uitkoms aan ons gee. As kinders van die Here wat in ’n verhouding met Hom leef, mag ons nie die prediking van die evangelie en ons lewe in die geloof van mekaar losmaak nie. Daardeur roep hy ons tot daaglikse bekering en vertroue op Hom alleen.

Laat ons dan bid vir hulle wat geroep is om die evangelie te preek, maar laat ons ook met ywer daagliks hierdie evangelie met elkeen deel wat die Here in sy wysheid oor ons pad stuur.

*Sing: Psalm 119-1:2*

*Dr. C Jooste (Christiaan) (Waterberg)*